Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2022

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Die produksiefaktore is heeltemal mobiel in ŉ … mark.

A volmaakte
B semi-volmaakte
C onvolmaakte
D oppervlakkige

1.1.2 Eenheidskoste staan ook as … koste bekend.

A marginale-
B totale
C gemiddelde
D veranderlike

1.1.3 Vryheid van toegang is ŉ kenmerk van ŉ …

A monopolie.
B oligopolie.
C duopolie.
D volmaakte mark.

1.1.4 In vergelyking met ŉ volmaakte mededinging, sal ŉ monopolie …

A meer produseer en ŉ laer prys vra.
B minder produseer en ŉ laer prys vra.
C minder produseer en ŉ hoër prys vra.
D meer produseer en ŉ hoër prys vra.

1.1.5 Wanneer een dominante firma die pryse verander en ander besighede volg, word dit as prys- … beskou.

A leierskap
B nemer
C differensiasie
D diskriminasie

1.1.6 ŉ Firma kan nie ... koste verhaal indien dit die bedryf verlaat nie.

A veranderlike
B versonke
C vasgestelde
D totaal

1.1.7 In enige mark is die gemiddelde inkomste dieselfde as die ...

A marginale inkomste.
B aanbod.
C wins.
D prys.

1.1.8 ŉ Voorbeeld van ŉ veranderlike koste-item is ...

A versekering.
B elektrisiteit.
C huur.
D waardevermindering. (8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Kartel | A Bly konstant, ongeag die vlak van produksie |
| 1.2.2 Vaste koste | B Rentekoers waarteen die netto huidige waarde van ŉ projek nul is |
| 1.2.3 Handelsmerk | C Kleinste individuele en onafhanklike produserende eenheid |
| 1.2.4 Dooiegewig verlies | D Bykomende voordele wat ŉ verbruiker kry uit die verbruik van nog een eenheid goed of diens |
| 1.2.5 Interne opbrengskoers | E Groep produsente wat soortgelyk aan ŉ kollektiewe monopolieë funksioneer |
| 1.2.6 Prysdiskriminasie | F Moedig mense aan om nuwe produkte uit dieselfde reeks te koop |
| 1.2.7 Firma | G Kopers word verskillend vir dieselfde produk gehef |
| 1.2.8 Marginale nut/ Grensnut | H Verlaging in ekonomiese welsyn veroorsaak deur ŉ afname in verbruikers- en produsentsurplus |
| | I Verbruikers wat goedere verkoop |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die tydperk waarin alle produksiefaktore veranderlik is

1.3.2 ŉ Nie-verhaalbare kontantbetaling aan die produsent van ŉ kommoditeit, met die oog daarop om die prys aan die verbruiker te verlaag

1.3.3 ŉ Kurwe wat kombinasies van goedere of dienste aandui wat geproduseer kan word wanneer die gemeenskap se hulpbronne ten volle en doeltreffend aangewend word

1.3.4 Die positiewe verskil tussen inkomste en koste

1.3.5 ŉ Studie wat gemoeid is met kwessies rakende die ekonomiese gedrag van individuele agente

1.3.6 Die hoeveelhede van ŉ goed of diens wat potensiële kopers bereid en in staat is om te koop (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van nywerhede wat onder toestande van volmaakte mededinging funksioneer. (2)

2.1.2 Waarom stel die regering soms maksimum pryse vir sekere produkte vas? (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INKOMSTEKROMMES VAN ONVOLMAAKTE MEDEDINGENDE FIRMA**




2.2.1 Identifiseer die hoeveelheid waarteen totale inkomste gemaksimeer word. (1)

2.2.2 Watter inkomstekurwe verteenwoordig 'n vraagkurwe in 'n onvolmaakte mededingende firma? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die konsep *marginale inkomste*. (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks die belangrikheid van skaalbesparings. (2)

2.2.5 Waarom is die marginale inkomste-kurwe onder die gemiddelde inkomste-kurwe? (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**OLIGOPOLIE EN VOLMAAKTE MEDEDINGING**

Daar word gewoonlik aangevoer dat baie aankope wat individue op kleinhandelvlak doen, geproduseer word in markte wat nie volmaak mededingend, nóg monopolisties mededingend is nie, hulle is eerder, oligopolieë. Oligopolie ontstaan wanneer ŉ klein aantal groot firmas alles of die meeste van die verkope in ŉ bedryf het.

[Aangepas uit lumenlearning.com]

2.3.1 Wat is die aantal verkopers in ŉ volmaak mededingende mark? (1)

2.3.2 Wat is ŉ markstruktuur wat deur twee firmas oorheers word? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *produksie*. (2)

2.3.4 Hoe kan nie-prysmededinging as ŉ hindernis vir toetrede tot ŉ oligopolie optree? (2)

2.3.5 Waarom laat samelewings oligopoliefirmas toe om hul markmag te gebruik om ekonomiese wins te maak? (4)

2.4 Verduidelik, met behulp van ŉ grafiek, die ekonomiese verlies van ŉ onderneming in ŉ volmaak mededingende mark. (8)

2.5 Evalueer die ekonomiese voordele en nadele van ŉ verhoging in die nasionale minimum loon. (2 x 4) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem die TWEE segmente van die geknikte vraagkromme. (2)

3.1.2 Waarom is samespanning nie relevant in ŉ volmaakte mark nie? (2)

3.2 Bestudeer die voorbeelde hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VOORBEELDE VAN KOSTEVOORDEEL-ONTLEDING**

ŉ Besluit moet geneem word oor watter projek om te kies. Kostevoordeel-analise het die volgende getoon:

| **PROJEK 1** | **PROJEK 2** |
|---|---|
| Totale koste = R8 000<br>Verdien totale voordeel = R12 000<br>Kostevoordeel-verhouding = 1 : 5 | Totale koste = R11 000<br>Verdien totale voordeel = R20 000<br>Kostevoordeel-verhouding = 1 : 81 |

3.2.1 Wat is die formule vir kostevoordeel-verhouding? (1)


3.2.2 Volgens die inligting hierbo gegee, watter projek moet gekies word? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die konsep *kostevoordeel-analise*. (2)

3.2.4 Vir watter doel stel die regering ŉ maksimum prys vas? (2)

3.2.5 Hoekom gaan die regering soms voort met die projek al is die private koste meer as die private voordele? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Watter markstruktuur word deur die grafiek hierbo voorgestel? (1)

3.3.2 Verskaf die korrekte etiket, volledig, vir **3.3.2** in die grafiek hierbo. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *industrie*. (2)

3.3.4 Verduidelik die implikasie van ŉ prysnemer. (2)

3.3.5 Gebruik die grafiek hierbo en lei ŉ vraagkurwe van ŉ individuele produsent af. (4)

3.4 Onderskei, sonder die gebruik van grafieke, tussen *produktiewe* en *allokatiewe ondoeltreffendheid.* (8)

3.5 Ondersoek die gevolge van ŉ toename in die vraag na ŉ firma se produkte in ŉ volmaak mededingende mark. (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE markstrukture wat homogeen produkte verkoop. (2)

4.1.2 Wat sal gebeur as ondernemings in ’n oligopolistiese mark oor pryse meeding? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **EKONOOM SE FIRMA** | **REKENMEESTERSFIRMA** |
|---|---|
| Totale inkomste – R1 000 | Totale inkomste – R1 000 |
| Implisiete koste (R75) | Eksplisiete koste (R100) |
| Eksplisiete koste (R100) | |
| Ekonomiese wins<br>R??? (**4.2.5**) | Rekeningkundige wins<br>R900 |

4.2.1 Gee EEN voorbeeld van ’n eksplisiete koste. (1)

4.2.2 Verskaf ’n korrekte ekonomiese term vir geen wins. (1)

4.2.3 Verduidelik kortliks die begrip *implisiete koste.* (2)

4.2.4 Hoe word totale inkomste bepaal? (2)

4.2.5 Gebruik die inligting hierbo om ekonomiese wins te bereken. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MEDEDINGINGSTRIBUNAAL KEUR BURGER KING VERKRYGING GOED**

Die Mededingingstribunaal het die groen lig gegee vir die verkryging van Burger King Suid-Afrika (BKSA) deur ʼn private-ekwiteitfonds.

Die transaksie is aanvanklik goedkeuring met die Mededingingskommissie geweier met verwysing na ʼn gebrek aan SEB-geloofsbriewe.

[Aangepas en vertaal uit *Staff Writer*, 21 September 2021.]

4.3.1 Identifiseer uit die uittreksel hierbo EEN doelwit van die Mededingingsbeleid. (1)


4.3.2 Gee EEN gesag/instelling van die Mededingingsbeleid wat nie in die uittreksel genoem word nie. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die konsep *kompetisie* soos dit in ekonomie gebruik word. (2)

4.3.4 Hoe red die mededingingsbeleid besighede in Suid-Afrika? (2)

4.3.5 Waarom word die petrolmark in Suid-Afrika as ʼn voorbeeld van ʼn oligopolie beskou? (4)

4.4 Gebruik die grafiek hieronder om te verduidelik hoe die aanbodkurwe van ʼn firma in ʼn volkome mededingende mark afgelei word.




(8)

4.5 Hoe beïnvloed samespanning die ekonomie negatief? (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laerorde-antwoord.<br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• Moenie enige deel van die vraag by die inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding by die liggaam insluit nie.<br>• Vermy dit om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/ Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die gegewe/Assesseer/Debatteer<br>**ŉ Maksimum van 8 punte kan aan opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br>**Bykomende gedeelte:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/Lei af/Vergelyk/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**ŉ Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoër-ordeslot behoort die volgende in te sluit:<br>• ŉ Kort samevatting van dit wat bespreek is sonder enige feite wat reeds genoem is, te herhaal<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die bespreekte feite<br>• Addisionele ondersteunende inligting om bespreking te versterk/ontleding<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Vergelyk en kontrasteer in detail, sonder grafieke, monopolistiese mededinging en monopoliemarkstrukture. (26 punte)
- Hoekom sal die regering monopolieë ondersteun of lisensieer? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail, sonder grafieke, oorsake van markmislukking. (26 punte)
- Evalueer die gebruik van indirekte belasting om markmislukking op te los. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou